



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 4/20
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregistreer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It registered as such with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen vrunden!

Ons webwerf

Op ons Stigting se webwerf www.voc-kaap.org kan persone wat graag as lede wil aansluit, die regte inligting en aansoekvorm vind. Daar, in woord en beeld, is ook van ons aktiwiteite oor die afgelope 25 jaar op die gebied van Opvoeding, Bewaring en Kultuur-toerisme te sien.

Van die redaksie

2020 was 'n moeilike, maar nie 'n verlore jaar nie. Die wêreld was in die greep van die Chinese Griep; miljoene mense is daaraan dood, maatskappye is gesluit, honderde duisende mense het hul inkomste verloor. Kultuur-organisasies, net soos die kunste en sport, is swaar getref; al ons Stigting se vergaderings, lesings, uitstappies en die jaarlikse ete moes gekanseleer word. Die uitvoerende komitee het kwartaalliks telefonies vergader en mekaar byna daaglik per e-pos geskakel. Vir ons getroue lede was daar niks meer as die vier *Generale Missives* nie, maar hopelik het die korrespondensie aangaande P.T. Mellet: *'The lie of 1652'* (Tafelberg Uitgewers, 2020) in die pers 'n bietjie belangstelling en vermaak verskaf. Dit was dus nie vir ons 'n jaar sonder 'n ernstige projek op die terrein van Opvoeding, Bewaring of Kultuur-toerisme nie. Toe ons in September van dié boek verneem en lees wat alles daar beweer word, het die komitee besluit om terwille van Opvoeding die skrywer se versinsels te ontbloot, want daar bestaan sulke wye, algemene onkunde oor die Kaapse VOC-geskiedenis, dat *The lie of 1652* langdurige chaos onder onkundige lesers kan veroorsaak. Ons gevoel was, as óns dit nie doen nie, wie sal? Wie kan?

Daar was twee verskillende aspekte om te ondersoek. Die een was die outeur se poging om, met versinsels uit die duim gesuig, 'n stuk geskiedenis vir ideologiese en geldelike gewin te kaap. Vir ons was dié insake skeepdiens in Tafelbaai heel maklik om te weerlê. Die tweede aspek was Tafelberg Uitgewers se besluit om die boek as nie-fiksie te bemark; daar werk, hoor ons, 'n 'geskiedkundige' wat die manuskrip goedgekeur het. Die stelling *'... the story of the founding of a port at Cape Town – over 50 years before Van Riebeeck,*' as reklame op die agterblad, is myns insiens misleidend, onverantwoordelik en oneties. Ons het die uitgewer gevra om die boek terwille van orde (die teenoorgestelde van chaos) te herklassifiseer. Dié aspek is nog nie reg gestel nie, en dus nog nie afgehandel nie.

Ons het begin met 'n artikel, byna volblad, in *Die Burger* van Saterdag, 31 Oktober

2020. Die volgende Saterdag het die koerant die skrywer se 'Repliek' geplaas, moontlik deur 'n spookskrywer geskryf. Dit was 'n verwarde geskrif sonder veel logika: in hoofsaak (nogal komies) was dit 'n aanval op 'n stuk fiksie wat ek twintig jaar tevore geskryf het. Dit was duidelik dat die skrywer nie die verskil tussen fiksie en nie-fiksie verstaan of sy versinsels kon verdedig nie. Daarna was daar weke lank artikels en briewe oor die boek in die koerante en ander media, waartoe onder meer joernaliste, twee digters, 'n regter en 'n predikant bygedra het. U kan dit op ons webwerf lees.

Vir die eerste keer in ons 26 jaar het 'n projek geen plesier opgelewer nie, maar aan die einde is daar 'n sterk oortuiging dat dit die regte ding was om te doen, en ook dankbaarheid dat ons kon ontstaan toe dit nodig was.

Wat hou die toekoms vir ons Stigting in? Wat gaan die Covid-epidemie ons in 2021 toelaat? Ander, soortgelyke verenigings en organisasies ondervind dieselfde probleme. Ons kan nog per e-pos voortgaan, maar praktiese bewaringsprojekte, uitstappies en lesings word moontlik weer belemmer. Nogtans moet die werk voortgaan, en met die steun van ons lede sal die komitee voortgaan om sy bes te doen. Veel, veel ernstiger is die hoë gemiddelde ouderdom van die huidige komitee. Dit is geensins volhoubaar nie; verjonging is dringend nodig, anders gaan ons Stigting binne 'n jaar of twee uitsterf, en ons Stigting gaan na 26 vrugbare jare verdwyn. Oorweeg dit asseblief, geagte lede, om u vir die komitee beskikbaar te stel.

Dank aan al ons medewerkers aan hierdie *Generale Missive*. In die uitgawe is twee nuwe rubrieke. Die een is 'Collectors' Corner' van Dr Mike Barter, wat verlede keer bekend gestel is. Die ander nuwigheid is ons lid Prof. Gerald Groenewald se 'Uit die Akademie,' met inligting oor VOC-sake wat in plaaslike en oorsese tesisse, tydskrifte ens. verskyn het. Prof. Groenewald, van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Johannesburg was in 2016 die buitekeurder van ons Stigting se boek *Die VOC in Suid-Afrika, 1652-1795*, toe die manuskrip aan Protea Boekhuis voorgelê is. Ons was gelukkig; sy aanbevelings het baie vir ons boek beteken.

† **Gabriël Theron Fagan (1926-2020)**: Ons Stigting het nog 'n getroue Stigterslid, kundige en entoesiastiese medewerker en gewaardeerde vriend verloor. Die argitek Gawie Fagan is op 13 September vanjaar oorlede. Hy en sy vrou Gwen was 25 jaar lank lede van die Stigting. In 2008 het ons bestuurskomitee ons Silwer Medalje vir die Bewaring van VOC-erfenis aan hulle gesamentlik toegeken. In die lang lys van argitektoniese restourasieprojekte wat hulle saam onderneem het, is van die bekendste die restourasie in Kerkstraat in Tulbagh na die aardbewing, Tuinhuis en die Kasteel; laasgenoemde twee is VOC-strukture. Hulle het ook dadelik hul steun gegee aan ons Stigting se beswaarskrif aan SAEHA, teen die agteruitgang en verwaarlosing van die Kasteel.

Gawie was 'n man van diverse talente en vaardighede, wat vele toekennings ontvang het. Ons verwys lesers na die joernalis Amanda Botha se volledige *In Memoriam* uit *Die Burger*, te lees op ons webwerf, onder 'Medaljes.'

Uit die Akademie

In hierdie rubriek, wat voortaan in elke uitgawe van die *Generale Missive* sal verskyn, word onlangs verskeie artikels oor die VOC-wêreld, veral die Kaap onder VOC-bewind, aan lesers bekend gestel. Dit is ten einde 'n diens te lewer aan belangstellendes wat nie altyd toegang het tot die jongste akademiese publikasies nie. Lesers kan dan ook 'n elektroniese kopie van die besproke stuk aanvra, by ggroenewald@uj.ac.za

Prof. Gerrit Schutte is goed bekend onder VOC-belangstellendes vir sy baanbrekende studie, *Nederlandse Patriotten en de Koloniën* (1974), en sy versorging van Hendrik Swellengrebel se reisjoernale en briewe oor Kaapse sake wat tussen 1982 en 2018 by die Van Riebeeck-vereniging verskyn het. In sy artikel, 'Achter de schermen: Hendrik Swellengrebel en de Kaapse Patriotten' (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 59, 4, Desember 2019) kombineer hy hierdie twee belangstellingsvelde deur na te gaan watter rol Swellengrebel in die Kaapse geskille vanaf 1778 tot die middel 1780's gespeel het.

Hendrik Swellengrebel was 'n Kapenaar, die seun van Goewerneur Hendrik Swellengrebel (bewindsjare 1739-1751). Alhoewel hy saam met sy vader na Nederland vertrek het en die grootste deel van sy lewe in Utrecht deurgebring het, het hy nooit sy belangstelling in sy vaderland verloor nie. Hy het 'n groot netwerk van korrespondente gehad, waaronder veral Hendrik Cloete van Groot Constantia, wat hom op hoogte gehou het van Kaapse sake. In 1776-77 het hy ook wyd in die binneland van die Kaapkolonie gereis, vergesel van Johannes Schumacher, wie se skilderye van hierdie tog behoue gebly het. Gegewe hierdie agtergrond, en sy hoë stand as regent, is dit dus nie verbasend nie dat die VOC gesaghebbers hom dikwels geraadpleeg het oor die Kaap.

In 1779 het Kaapse burgers wat ontevrede was met die plaaslike VOC-regering en die vergrype van die Fiskaal, W.C. Boers, 'n afvaardiging na Nederland gestuur om hul *Memorie* vol klagtes oor die Kaapse toestand en voorstelle tot verbetering aan die Here XVII te oorhandig. Swellengrebel ontvang dié afvaardiging en gee hulle raad oor hoe om die nogal stywe senior bestuur van die VOC te benader. Agter die skerms probeer hy 'n kompromis bereik tussen die eise van die 'Kaapse Patriotte' en F.W. Boers, die Eerste Advokaat van die VOC en die oom van die Kaapse Fiskaal Boers. Téén Swellengrebel se raad in, oorhandig die afvaardiging hul *Memorie* sonder verandering aan die Here XVII. Schutte skets baie deeglik die agtergrond waarteen dit alles gebeur: die vryheidsoorlog in Amerika en gevolglike Vierde Engels-Nederlandse Oorlog (1780-84), asook die komplekse interne politiek van Nederland, waar daar gedurende hierdie tyd 'n stryd begin het tussen sg. Patriotte (wat hervorming voorgestaan het) en Orangiste (ondersteuners van die Stadhouer). Gegewe hierdie groot politieke ontwikkelinge, is dit nie verbasend dat die VOC-bewindhebbers weinig aandag geskenk het aan die klagtes van die Kaapse burgers, behalwe om Goewerneur Joachim van Plettenberg te vra vir sy reaksie. Plettenberg stel klein veranderinge voor, soos groter burgerverteenwoordiging, maar die burgers se grootste eis, vrye handel, word geïgnoreer. Van Plettenberg bied ook aan om te bedank as goewerneur. In 1782 dien die Kaapse Patriotte 'n *Nadere Memorie* in by die bewindhebbers, aangesien daar nog tot op daardie datum geen formele reaksie op hul vroeëre eis was nie.

In 1783, met die moontlikheid van vrede met Brittanje op die horison, kom die Here XVII uiteindelik só ver om die Kaapse aangeleenthede te bespreek. Swellengrebel word versoek om sy mening hieroor te lug. Gegrand op sy uitgebreide toer in die middel 1770's, argumenteer hy sterk dat vrye (buitelandse) handel toegestaan moet word aan die Kaapse burgers aangesien die aard van die binneland nie verdere ekonomiese uitbreiding moontlik maak nie. Onder sekere hoë VOC-amptenare is daar selfs in hierdie tyd oorweeg om Van Plettenberg se pos aan Swellengrebel aan te bied; iets wat hy self al lank begeer het. Aangesien Swellengrebel sêlf 'n ondersteuner van die Nederlandse Patriotte was, het hy weinig kans gestaan aangesien die Opperbewindhebber van die VOC, Stadhouer Willem V, aangedring het op die Orangistiese C.J. van de Graaff. As troosprys word Swellengrebel vroeg in 1784 gevra om insette te lewer op die *Instructie* vir Goewerneur Van de Graaff.

Intussen het die Kaapse Patriotte woedend gereageer op die VOC se minagting van hul eise, wat volgens hulle daarop neerkom dat ‘*wij en onse kinderen voortaan als slaven, als lastdieren zullen bestierd worden!*’ Gevolglik beroep hulle hulle direk op die State-Generaal van Nederland, wat onmiddellik ’n antwoord by die Here XVII geëis het. Uiteindelik kom hulle in 1785 die Kapenaars deels tegemoet deur handel met passerende skepe toe te staan en aan te bied dat die VOC die oorskot sou koop – ’n voorstel wat Swellengrebel die vorige jaar gemaak het, maar wat aanvanklik geïgnoreer is. Op hierdie wyse het die Kaapse seun, Hendrik Swellengrebel, as middelaar in Nederland opgetree deur agter die skerms sy invloed te gebruik sodat daar uiteindelik, in ’n mate, gehoor gegee is aan die klagtes van ongelukkige Kaapse burgers. (Bydrae deur Prof. G. Groenewald.)

Collectors’ Corner

Hierdie is ’n eerste bydrae deur Dr Mike Barter van Johannesburg, ’n entoesiastiese versamelaar van historiese dokumente. Die keer vertoon hy die omslag of koevert van die bekende Henning Hüsing van Meerlust se laaste testament, uit 1713. Ons nooi graag ander lede om ook bydraes en foto’s van hul eie VOC -artefakte in te stuur, vir plasing in dié rubriek.



Cover of Henning Hüsing’s will, 1713

This cover or envelope originally contained Hüsing’s will. The cover is toned paper, 41cm x 31cm, with a watermark of the coat of arms of Amsterdam. Wills were traditionally placed into a will cover, folded, and first sealed with three wax seals of the owner, and then a further three seals were added by the VOC authority. At that time all wills in their covers, were kept at the Castle, Cape Town. At death, the family were called to the Castle to inspect the cover before opening it, so as to prove that it had not been tampered with. All parties originally had to appear in the Castle for the drawing up of the will, but in this case the VOC clerks were actually summoned to Hüsing’s house. (This is written on the cover). The authorities may have agreed to go to his house, because of his high standing in the community, or the fact that he was ill at the time.

Hüsing, once a free burgher, was granted several farms, and he was so successful that he was given the monopoly to supply meat to the Company. During this period he had 50,000 vines, 5000 sheep and 20 000 head of cattle. At this time single woman were at a premium at the Cape, so when Hüsing was looking for a wife, he chose Marija, from among Commander Simon van der Stel’s maidservants.

The will would probably have included the wine estate Meerlust, as it is signed by Henning Hüsing & his wife Marija Lindenhovius, who were then the owners of the farm. He

was granted this land of 86 morgen and 17 square roods on the Eersterivier near Stellenbosch on the 3 July 1693 by Governor Simon van der Stel.

There is a previous will signed by Hüsing & Lindenhovius from 1691, but this cover dated 1713 is from the second and last. Hüsing gave up his civic duties from 1711, due to ill health, and died in 1713, possibly of smallpox, which was prevalent in the Cape at this time.

The farm Meerlust was bought by Johannes Myburgh in 1757 and eight generations later it is still in the same family. Recently this document was taken to the estate and shown to the current owner, Hannes Myburgh. He has the original title deed of the farm, made out to Hüsing and signed by Simon van der Stel. It would be interesting if we also had the will itself, or a copy of it to go with this cover.

A precis translation of the cover: ‘7 September 1713. Hugo van der Meer Pietersoon, first sworn clerk, in the presence of the witnesses, having been summoned to the house of the ex burger councillor Mr. Henning Hüsing & Ms Marija Lindenhovius. Present paper with 3 seals stamped by them, and a request that I add an equal number of my own, with the last will and testament secured within.

This done and effected at the Cape of Good Hope at the house of the appearers in the presence of the assistants Benjamin Wiese and Gijsbrecht Groenenburgh as witnesses of good standing.

As witnesses:

Benjamin Wiese

G:V: Groenenbergh

Henning Hüsing

Marija Lindenhovius

Before me:

H. van der Meer Pietersoon (first sworn clerk)


References:

- 1) Brooke Simons, P: *Meerlust – 300 years of hospitality*. (Fernwood Press, 2003.)
- 2) Spilhaus, M. Whiting: *South Africa in the making, 1652-1806*. (Juta & Co., 1966.)

Die Oorspronklike Kuslynprojek

Die Kaapstadse Erfenisstigting se projek genaamd *The Original Shoreline*, maak dit moontlik om die oorspronklike kuslyn van Tafelbaai, wat in die verloop van tyd verdwyn het onder geboue en die drooglegging van die strand-gebied, van die Kasteel af deur die middestad tot by die Waterfront na te spoor met behulp van die program (toepassing) *Voicemap Audio Tours*. Die luisterprogram hiervoor benodig kan eenvoudig van *The Original Shoreline* se webtuiste (<https://theoriginalshoreline.org.za>) afgelaai, op die belangstellende se slimfoon geïnstalleer en sonder internetverbinding gebruik word. Die Stigting VOC het hiertoe bygedra deur die historiese inligting ten opsigte van die VOC-tyd aan die Kaapstadse Erfenisstigting te voorsien. Die staptog wat die Krotoa-gedenkteken, die Thibaultplein en die Amsterdam- en Chavonnesbattery insluit, is 4,5 kilometer lank en duur twee uur om te voltooi, waarby die gebruik van ’n koptelefoon aanbeveel word om straatruoer uit te skakel. Die oudiorondleiding is tans helaas slegs in Engels beskikbaar. (Bydrae deur Rudolf Rode.)

Brackennatuurreservaat en die VOC



Die Brackennatuurreservaat, geleë in Brackenfell se industriële gebied (-33.878297, 18.708525), is nie net vir die natuurliefhebber van besondere belang nie, maar ook vir enigiemand wat in die geskiedenis van die VOC aan die Kaap belangstel.

Die reservaat van 36 hektaar bewaar nie net Swartland-granietrenosterveld en sandfynbos nie, maar is ook die tuiste van 'n gerestoureerde 6-ponderkanon wat die oorspronklike VOC-seinkanon vervang.

Volgens die gedetailleerde inligtingsborde was dit deel van die seinstelsel Tygerberg, Duyvenheuvel (die kanonkop in die reservaat), Vlaggeberg (Stellenboschkloof), Somerset-Wes (Vergelegen?), Sir Lowryspas (Gantouwpas) tot by Zuurbraak oos van Swellendam.

Die kanon staan egter nie op een van die twee koppies in die reservaat nie, en watter een moontlik die Duyvenheuvel was, is onduidelik, want die een koppie is as 'n steengroef en later as 'n stortingsterrein gebruik, sodat dit grotendeels vernietig is. (Bydrae en foto's deur Rudolf Rode).

Prinsesvlei

Ek en ons Sekretaris Rudolf Rode het op 7 Augustus namens ons Stigting deelgeneem aan Erfenis Wes-Kaap se internet-vergadering om die proklamasie van Prinsesvlei in Retreat ('n vroeëre VOC-besette terrein) as provinsiale erfenisgebied te ondersteun. 'n Sekere groep deelnemers wou hê dat hul storie, dat 'n Koina-prinses se trane eeue gelede die vlei gevorm het, 'n motivering vir proklamasie moes wees. My pleidooi, dat sulke mites nie op die agenda van 'n moderne Staatsdienskomitee hoort nie, is skerp deur hulle afgekeur, naamlik dat ek hulle sou te na kom ('*offend*'), hulle wou leer wat kultuur eintlik is ('*what is culture*') en hul geskiedenis wou onderdruk ('*to silence the narrative*'). Ons beskouing van 'n suiwer wetenskaplike benadering is sterk in 'n private mosie van Dr Berta van Rooyen van Tokai ondersteun. Die vlei is nou geproklameer, wat sogenaamde ontwikkeling (dorpsuitbreiding) sal beperk. Ons het aan EWK geskryf en gevra dat dit op rekord geplaas word, dat die Stigting se enigste doelwit met ons beswaar die historiese en wetenskaplike suiwerheid van EWK se dokumentasie is. Ontvangs daarvan is erken, en ons het pas verneem dat die prinses-mite nie genoem word in die amptelike proklamasie wat in die Provinsiale Gazette gepubliseer is nie.

Dit is duidelik dat ons Stigting moet leer om legendes, 'tradisies,' mites, wensdenkery en moderne versinsels te herken en te verwag, en ook hoe om daarop te reageer. Die 'historiese

lugkastele' is miskien 'n poging (soos van mnr Mellet ook?) om 'n eie geskiedenis te bekom, en wanhoop maak hulle roekeloos. Myns insiens kan ons nie bystaan waar Waarheid verkrag word nie.

Restourasie van replika VOC-skip *Amsterdam*



Foto's: Sven Nils

Die volgende berig gaan oor die restourasie van die bekende toeriste-magneet, die replika retoerskip *Amsterdam*, by die Amsterdamse Scheepvaartmuseum. Die berig en meegaande indrukwekkende foto van die skip in die droogdok is voorsien deur ons vriende en susterskamer VOC Kamer Antwerpen.

'Precies een week ligt de Amsterdam in het droogdok van Damen Schip repair in Amsterdam-Noord, en wordt duidelijk dat het herstel hard nodig is. "De vorige grote beurt is tien jaar geleden, ik verwacht dat de volgende restauratie eerder gepland moet worden want het schip wordt snel ouder nu," verzucht restaurator Jan Kuperus na een eerste inspectie met het onderwaterschip van de Amsterdam.

Pas in het droogdok, als het water is weggepompt, zijn de kieren in de romp van de Amsterdam pas goed te zien. "De naden zijn op veel plaatsen leeggespoeld, honderden meters zullen opnieuw gebreeuwd moeten worden", vertelt Kuperus. En het vullen van kieren met een mengsel van henneptouw en teer, is de klus waar hij het meest tegenop ziet. Op het hoogtepunt van het werk zal er met een ploeg van vijftien vakmensen aan de Amsterdam gewerkt worden. Het werk neemt ongeveer vijf maanden in beslag.

Ook de masten en de tuigage van het schip worden vernieuwd. Ondanks het feit dat het schip niet zelfstandig kan zeilen en altijd op een vaste plek bij het Scheepvaartmuseum ligt, slijt het behoorlijk. "Rust roest", zegt Kuperus. "Het schip heeft het misschien wel zwaarder dan wanneer het gewoon gebruikt zou worden. Dat zie je bij molens ook. Als ze stil staan gaan ze harder achteruit". De masten zijn inmiddels dertig jaar oud en moeten daarom vervangen worden. Jan Kuperus: "Vergelijk het met de kozijnen van je huis, die moeten ook eens in de zoveel jaar vervangen worden."


De VOC-replica De Amsterdam werd begin deze week naar Damen Shipyards geslept. Het schip zal daar tot in ieder geval januari de uitgebreide renovatie ondergaan.

De restauratie kost alles bij elkaar ongeveer een miljoen euro. Het Scheepvaartmuseum heeft gespaard en betaalt ongeveer 95 procent van het bedrag. De rest wordt ingezameld via een crowdfundingactie via de site Voordekunst. Als het bedrag dat men doneert groot genoeg is, staat er bijzondere tegenprestaties tegenover. Zo is het mogelijk om een keer op het schip te dineren of er zelfs een nacht te slapen.'

Om 'n merkwaardige foto van die skip in die droogdok te sien, kopieër hierdie skakel na jou internet se soekenjin: <<https://vockamerantwerpen.be/restauratie-voc-schip-amsterdam-begonnen-alles-moet-met-beleid-gebeuren/>>

Nuwe boeke:

Genadendal. The Valley of Grace



Georg Schmidt, die Morawiese sendeling, het in 1737 sy eerste werk gedoen onder Koina in die omgewing van die VOC-buitepos Soetemelksvalleij aan de Rivier sonder Eind. Schmidt was van 1737 tot 1743 in noue skakeling met die poshouders en posvolk van die buitepos, en so ook sy opvolgers op Genadendal aan die einde van die agtiende eeu. (Sien D. Sleight: *Die Buiteposte*, pp.565-568.)

‘Dr. Isaac Balie, die voormalige hoof van die Genadendalse Sendingmuseum op Genadendal in die distrik Villiersdorp en Caledon, het pas 'n nuwe boek oor Genadendal die lig laat sien. Die eerste was 'n verwerking van sy doktrale verhandeling wat in 1988 verskyn het as *Die Geskiedenis van Genadendal 1738-1988*, deur Perskor uitgegee. Die nuutste boek (in hardeband en sagteband) is in Engels geskryf en getitel: *Genadendal, The Valley of Grace - A Long Walk Through The History of the First Mission Station in South Africa*.


Die kern van die boek handel oor die voortreflike kultuurskat van Genadendal, vervat in die inhoud van die museum en die geboue-argitektuur. Op 8 Maart 1991 is die Morawiese Sendingdorp Genadendal se museumversameling, indertyd bestaande uit 'n tasbare kultuur-inhoud van meer as 3 000 historiese artefakte van sosiale, kultuurhistoriese en estetiese belang, amptelik tot 'n Nasionale Kultuurskat van Suid-Afrika verklaar. Die verklaring is deur die Parlement goedgekeur en op dié dag in die Staatskoerant afgekondig. Hierdie hoogs besondere eerbewys aan die gemeenskap van Genadendal is regstreeks toe te skryf aan die insig, ywer en onbaatsugtige arbeid van dr. Isaac Balie, dertig jaar lank die Direkteur en kurator van die Genadendal Sendingmuseum.

Hy het as jong seun begin om die inwoners te bearbei om hul kultuurerfenis met die nodige respek te bejeën. En toe die museum in 1963 deur eerw. A. Habelgaarn (leraar van 1956 tot 1969) gestig is, het hy aktief daartoe oorgegaan om die inwoners om te haal om hul erfgoed aan die museum toe te vertrou. In 1986 is hy as Kurator deur die Raad van Trusteats van Genadendal aangestel. Oor die vyf dekades van sy diens aan die museum het die

versameling van 'n skamele 400 artefakte in 1963 aangegroei tot die huidige 8 000 artefakte. Nog merkwaardiger is die feit dat sedert die tot Kultuurskat-verklaring van 1991, die inhoud van die museum met 'n formidabele 5 000 artefakte aangegroei het. Onder andere staan die ossewa, nog volledig toegerus, waarmee Eerwaarde Latrobe in 1816 die land deurkruis het om al die Morawiese sendingstasies te besoek, in die museum. Die geskiedenis van dié besondere museum en sendingstasie word in dié waardevolle boek vertel. Dit kan by Dr Balie bestel word; vra hom om sy handtekening as u dit verlang. (foon: 728-251-8220; e-pos: isaacbalie1@gmail.com.)

Dr Balie is op 22 Februarie 1948 op Genadendal gebore en het sy skoolopleiding daar ontvang. In 1969 het hy 'n Onderwysdiploma aan die Opleidingskollege Hewat verwerf, en is in 1970 as onderwyser op Genadendal aangestel. Hy het kort daarna sy studie aan die Universiteit van Wes-Kaapland voortgesit en die BA-graad met Sosiologie en Sielkunde as hoofvakke behaal. In 1981 is hy aangestel as skoolhoof van Genadendal. In 1985 behaal hy 'n Honneursgraad in Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit Stellenbosch, en daarna 'n Meestersgraad in Kultuurgeskiedenis. Sy doktorsgraadverhandeling in 1992, ook aan die US, het die kultuurgeskiedenis van Genadendal as tema. In 1987 het hy die Direkteur en Kurator van die Genadendalse Sendingmuseum geword. Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het in 2008 die Erepenning vir die Bevordering van Geskiedenis en Historiese Bewaring aan hom toegeken vir die sukses wat hy gedurende sy loopbaan behaal het. Hy is in 1984 met oud-skoolhoof Sheila O'Shea getroud, en die egpaar se enigste dogter, Judith het haar vader by sy aftrede in Maart 2015 opgevolg as bestuurder van die Sendingmuseum.' (Bydrae deur Marthinus van Bart.)

Die Trekos en Trektoerusting in Suid-Afrika



Koina-os. Foto: S.A. Biblioteek.

Die VOC was die eerste om die ossewa vir landvervoer in Suidelike-Afrika te gebruik. Die *Landbouweekblad* van 1 Oktober 2020 bevat 'n interessante resensie van Marius Oosthuysen se boek *Die trekos en trektoerusting in Suid-Afrika*; dit is Oosthuysen, 'n Oos-Kaapse beesboer se proefskrif waarvoor hy onlangs sy doktorsgraad in Potchefstroom ontvang het. In die resensie word onder meer die volgende vermeld: "Op ongebaande roetes vanaf die Kaap was die inheemse beeste van die Khoi-Khoen bekom, vir die eerste paar dekades die belangrikste hulpmiddels. (...)

"Hul beeste het die basiese bouvorm van 'n goeie trekos gehad: groot, hoog op die bene, met 'n reguit rug en sterk gespierde kruis. Deur natuurlike seleksie was hulle

weerstandig en ten volle aangepas by die plaaslike toestande van die klimaat, omgewing en weiding.


“Die trekboere en transportryers het vroeg reeds na hierdie inheemse beeste as “Afrikaners” verwys.

“Die runderpes en die Anglo Boere-Oorlog het byna met dié Afrikanerras klaargespeel. Met die heropbou van die kuddes het die rooi- of vleis-Afrikaner-fenotipe uitgestaan vir hul kenmerkende fyn, lang weglêhorings, as uitnemende trekdiere en vir vleisproduksie. “Dit was van die eerste beesrasse wat by die SA Stamboekvereniging geregistreer is toe dié in 1904 gestig is.”

Die resensent verwys ook na die Khoi-Khoi se swart inheemse beeste, wat eweneens gewild was onder trekostelers. Volgens bespiegeling is dié na Spaanse handel met die Khoi-Khoi in die 16^{de} eeu agtergelaat. Hulle is uiteindelik met swart bulle uit Nederland gekruisteel tot die sogenaamde Vaderlanders – naas Afrikanerbeeste die gewildste trekosse in die Groot Trek-era. Uit hulle het die Drakensbergers ontstaan.

Daar word ook vermeld dat die land se eerste verkeersreëls en -boetes in 1800 ingestel is om onverskillige Kaapse osdrywers te beheer. Dit sluit in dat links gehou moet word op die pad. Die boek is deur Protea Boekhuis uitgegee en kos R350. (Bydrae deur Wium van Zyl.)

R. Spreen: Monument vir die kwagga, Afrika se beroemdste uitgestorwe dier



Die VOC het in die sewentiende en agtiende eue probeer om Kaapse wilde diere soos kwaggas, leeus en volstuise Batavia toe te verskeep as geskenke aan Oosterse potentate, om die handel te stimuleer of ‘die kaneel uit die bos te kry,’ soos die spreekwoord gelui het. Die pogings het meermale in die dood van die dier geëindig.

‘Die Suid-Afrikaanse kwagga, wetenskaplik genoem *Equus quagga quagga*, het op 12 Augustus 1883 finaal uitgesterf. Dit was ’n merrie in die Amsterdamse dieretuin, Artis. Selfs wetenskaplikes was salig onbewus van hierdie verlies; daar bestaan nie eens ’n foto van die laaste eksemplaar nie. Die laaste kwagga in die vrye natuur het reeds omstreeks 1873 in die Vrystaat sy einde gesien, hoewel natuurkundiges raai dat die dier dalk tot 1878 nog op ons vlaktes kon geleef het. In die Karoo waar dit voorheen so volop was, is die laastes

waarskynlik in 1858 by Aberdeen geskiet. Daar was ook droewe voorgangers; teen 1800 het die bloubok uitgesterf en teen 1860 die Kaapse leeu. Die bontebok, swartwildebees en bergkwagga (teen 1960 was daar slegs 140 oor) het op die rand van uitwissing gedraai.

Die Amsterdamse skrywer Reinier Spreen het gefassineer geraak deur die woord *quagga*, een van die weinig name in Nederlands (en Afrikaans) vir 'n vierbenige dier wat 'n onomatopoeë (klanknabootsing) is. Dit is trouens 'n woord van Khoikhoi-herkoms. Hy het hom begin verdiep in publikasies in die Artis-biblioteek en gou besluit dat die kwagga vra om 'n boek. Die produk was *Een monument voor de Quagga*.

Spreen vertel hoe Jan van Riebeeck en sy manne geleidelik op die spore gekom het van hierdie ontwykende sebrasubspesie. Die bekende VOC-medikus Pieter van Meerhoff het uiteindelik daarin geslaag om een van hierdie wondermooi diere in die omgewing van die huidige Piketberg te bespring, om vervolgens as eerste Westerling kennis te maak met sy legendariese skopvermoë.

Spreen vertel van pogings oor die eeue heen om hulle mak te maak. Dit terwyl natuurondersoekers debatteer het oor spesie-eienskappe en probeer het om daardeur vir hulself naam te maak. Vir die San was hulle 'n stapelvoedsel wat deur die vergiftiging van drinkwater in die hande gekry is. Vir die Boere het hulle die beste velskoenleer gelewer terwyl hul mooi velle uiteindelik ook 'n gesogte uitvoerproduk geword het. Intussen het die “great white hunters” of “sportsmen” uit Brittanje, hulle ook steeds in die visier gehad. Die verhaal van die kwagga is egter ook een van verbasende nadoodse vergelding, iets waarvoor pakkend verslag gedoen word.

'n Monument vir die kwagga, Afrika se beroemdste uitgestorwe dier is 'n boek wat elke natuur liefhebber sal boei. Wium van Zyl is verantwoordelik vir die Afrikaanse vertaling. Africana Uitgewers (africanapublishers@mwebbiz.co.za of 021-5327590) het die boek uitgegee. Dit kos R220,00.' (Bydrae deur Wium van Zyl.)

Behouwde vaert / Selamat jalan

D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh: Tegnies
28 Desember 2020